

Weg van God af werk nie, want die Here gaan haal (weg)-lopers!

Ek wil jou graag aan die Jona-man voorstel. Mag daar op grond van die vertelling 'n proses van identifikasie tussen jou en Jona plaasvind en mag ons ontdek, ons is soos Jona. Mag Jona 1:1-3 soos 'n boot oor die golwe van die tye vaar, én by die hawe waar jy wag, anker gooi.

Die boek Jona (en dus ook Jona 1), wil die waarheid vertel oor wat tussen 'n mens (wat 'n opdrag van God ontvang en dit nie wil uitvoer nie) en God gebeur. Vluchtend voor God. Weg van die lewend Here af. Die Jona-mens. En te onthou dat ons almal een of ander tyd op 'n Jona-reis vertrek. Weg van God af!

Soos verwag ontvang Jona 'n Godsopdrag: Nineve toe. Dit was met goeie rede. Nineve se mense het preke oor en van God se goedheid en genade nodig gehad. Die Here roep, maar Jona besluit om nie te gaan nie. Jona beroep homself Tarsis toe. Hy wil vir God vlug én deur te vlug, dink Jona kan hy die opdrag ignoreer. Klink so bekend! Ek, die moderne Jona, 'n vlugtelingsmens. Vindingryk om ontsnappingsroetes te soek. Nineve te ontdek. My in Tarsis (weg van die Here af) te wil vestig. Jona-mens, wat doen wat die naam Jona, naamlik "duif" beteken. Ek kry as 't ware vlerke en vlieg en vlug voor en van God af weg.

Nineve. Jy is helaas nie daarheen geroep nie. Maar onthou dat Nineve simbool is van dit waar ons God nie wil toelaat nie. Die Nineve van my eie hart. Nineve is soms nader aan ons as wat ons mag dink. Maar weet, op pad Tarsis toe sal die Here jou inhaal, soos vir Jona.

In jou Jona-vlug? In die storm van jou vlug? Is die woorde van Matteus 8:23-27 nie waar nie? God se eie Kind gestuur om jou te kom haal! Die Nineve van jou siel binnegegaan om jou via Golgota in Tarsis te kom haal. Here, die Jona-mens en ek. Sit my agterna. Gryp my. Bring my terug. Want dis my goed, my salige lot as ek naby is, by my God.

Sing: Psalm 73:12 (1936)

Dr PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)